

JHUN CHETTY

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

15

CASE NO. 18/75/254.

In the matter of:

THE STATE

versus

S. COOPER AND EIGHT OTHERS

VOLUME 15

1237 - 1252

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

/AHC.

bekend.

En wat weet u van Aubrey Mokoape af? -- Hy is aan my bekend van sien.

Weet u waar hy werksaam is? -- Hy is 'n mediese dokter by King Edward-hospitaal. Ek het uit vroeëre navrae voorafgaande die Rally, navrae gedoen en vasgestel dat dr. Mokoape die enigste mediese dokter met so 'n naam by die hospitaal is, wat daar in diens is.

Sal u dan die eerste band net vir die Hof terugspeel? Dit is band No. 1, gesprek No. 10 op bladsy 18. U (10) het nou net die seel gebreek en die band uit die verseelde koevert geneem. -- Ja.

Watter datum is hierdie? Is dit soos op die transkripsie... -- Soos op die transkripsie aangebring.

Wat beteken die syfertjie "314" bo aan die linkerkant? -- Dit is die band nommer op die bandmasjien.

Edele, mag hierdie band genoem word Bewysstuk 17,
(DIE BAND WORD TERUGGESPEEL).

(OPNAME MASJIEN WORD AFGESKAKEL)

OM TWEE-UUR NAMIDDAG. (20)

J.H.J. DE WET: nog onder eed:

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. REES: Het u die volgende band uitgehaal en het u die seel en die koevert waarin dit was, No. 266, voor myself en advokaat Allaway gebreek? -- Ja.

MR ALLAWAY: M'Lord, I confirm that that was done. Just one other point I have raised this with my Learned Friend, and that is that with regard to the times when these specific recordings were made, in other words, whether band No. 2, the one we are about to hear, was recorded say 9 a.m. on the day in question. I understand that there has (30) been no record made at all of any specific time at which
the/...

the recording commenced or terminated. I would just like to be clear about that.

MR REES: I think he can ask that in cross-examination, M'Lord. Die bande is hulle soos hulle genommer is, die wat u nou mee handel, is dit die volgorde waarin hulle geneem is? -- Volgens die datums wel, maar nie noodwendig agtereenvolgend op dieselfde dag s'n nie. Een dag s'n is almal onder daardie datum s'n, maar die een mag miskien plaasgevind het voor dié een.

DEUR DIE HOF: Kan u die tye sê wanneer dit geneem is? (10)
-- Nee.

U kan net sê op daardie dag. -- Tye is nie beskikbaar nie, dit is net die datums.

MNR. REES: Dit is band 2, gesprek No. 5 op bladsy 28. Dit is 'n gesprek tussen Muntu Myeza (beskuldigde No. 2) en Aubrey (beskuldigde No. 4) op 24.9.74. Aubrey bel vanaf 'n telefoonhokkie te Hammersdale. Sal u dit speel asseblief?
-- Ek speel die band terug. (Band No. 2 word teruggespeel).

MNR. REES: Die volgende een.

DEUR DIE HOF: Watter bewysstuk sal dit wees? (20)

MNR. REES: Edele, miskien as dit net in die Bewysstuk Rally C is en net die nommers hou wat dit het, as dit so mag bly. Die volgende een is bladsy 31 van die volume. Dit is band 2, gesprek No. 13, tussen Muntu Myeza (beskuldigde 2) en 'n verslaggewer van Fost op 24.9.74. (Band 2 word teruggespeel).

Die volgende een? -- Is band 2, gesprek No. 14.

Die volgende een is band 2, gesprek No. 14, dit verskyn op bladsy 35 van die bundel Rally C. Dit is 'n gesprek eerstens tussen Muntu Myeza en Gerald Phokojoe (30) en daarna tussen Saths Cooper en Gerald Phokojoe. -- (Die gesprek/...

gesprek word teruggespeel).

Die volgende een is band No. 3, is dit reg? -- Ja.

Dit is gesprek No. 1, bladsy 40 van die rekord. Is die band nog in die verseelde toestand? -- Ja.

Breek u dit nou. En die gesprek wat u gaan speel is tussen ene Nat Serache van die Rand Daily Mail, Johannesburg en Muntu Myeza. -- Dit is reg.

Die vorige band is Bewysstuk 18. Die een wat u nou net uitgehaal het, wat verwys na bladsy 40, is Bewysstuk 19. -- Ja. (10)

Die Daily Mail is dit 'n koerant wat in Johannesburg gepubliseer word? -- Ja.

Nat Serache is N-a-t S-e-r-a-c-h-e. -- (Band 3, gesprek No. 1 word teruggespeel).

Die volgende is band No. 4, gesprek No. 8 en 9 op bladsy 56 van Bewysstuk Rally C. Is die band nog in sy verseelde vorm? -- Ja.

Dit is Bewysstuk 20. Sal u die seel breek? Dit is 'n gesprek tussen Nefolowodwe en Patrick Lekota en dan Nefolowodwe en Muntu Myeza op 24.9.74. U lees nou (20) band No. 4, Bewysstuk 20. -- (Band 4, gesprekke 8 en 9 word teruggespeel).

Die volgende een is band No. 5, dit sal wees Bewysstuk 21 en dit sal wees 'n gesprek tussen Muntu Myeza en Danile Landingwe op 24.9.74. Dit verskyn op bladsy 66 van Bewysstuk Rally C. Is dit reg? -- Ja.

Breek u nou die seel. U haal Bewysstuk 21 daaruit. --Ja. (Band No. 5, gesprek Nr. 11 word teruggespeel).

Die volgende, band No. 6, bladsy 73 van Bewysstuk Rally C. Dit sal wees Bewysstuk 22. Dit sal wees 'n gesprek (30) tussen Muntu Myeza en Thomas Manthata op 25.9.74. U het nou die/...

die seel voor die Hof gebreek en Bewysstuk 22 daaruit gehaal.
-- (Band No. 6, gesprek No. 1 word teruggespeel).

Die volgende een is band No. 6, gesprek No. 12, dit is bladsy 79 van Bewysstuk Rally C. Gesprek tussen Muntu Myeza en Mapetla. -- (Band No. 6, gesprek No. 12 word teruggespeel).

Die volgende een, bladsy 82, gesprek No. 16, 'n gesprek tussen Muntu Myeza en Nefolowodwe en lateraan Nat Serache en Jimmy op 25.9.74. -- (Band No. 6, gesprek No. 16 word teruggespeel). (10)

Die volgende een is band No. 7, dit is bladsy 92 van Bewysstuk Rally C. Die band sal wees Bewysstuk 23. Sal u net die seel breek. Dit is 'n gesprek tussen Ahmed Bawa en Aubrey Mokoape en daarna Patrick Lekota en Harry Singh op 25.9.74. --(Band 7, gesprek No. 1 word teruggespeel).

Dan is daar die groep wat u geneem het van die telefoon op BAWU kantore, dit is band No. 1, BAWU telefoon 318737 Band No. 1, gesprek No. 2 op bladsy 2 van hierdie bewysstuk. Dit is 'n gesprek tussen Muntu Myeza en Gordon. Die getuie het nou net die seel gebreek. Dit sal wees Bewysstuk (20) 24. -- (Band No. 1, gesprek No. 2 word teruggespeel).

DIE HOF VERDAAG.

DIE HOF HERVAT OP 8 SEPTEMBER 1975.

JOHANNES HENDRIK JACOBUS DE WET: nog onder eed:

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. REES: Sal u aangaan waar ons afgesluit het laas? Ek meen dat u was besig met Bewysstuk 24 en ek dink u het reeds gesprek No. 2, dit is tussen Muntu Myeza en ene Gordon, afgehandel. U gaan nou aan na gesprek No. 4 op dieselfde band, dit is op Bewysstuk 24 en dit verwys, dit is transkribeer op bladsy 6 van Bewysstuk Rally C. -- Dit is reg. (Band No. 1, gesprek No.4 word teruggespeel). (10)

Dit is 'n gesprek tussen Saths (beskuldigde No. 1) en eerwaarde Mayathula op 25.9.74. Gaan maar aan. -- (Gesprek No. 4 word verder teruggespeel).

Gesprek No. 7, dit is op bladsy 9, gesprek op 25.9.74 tussen Aubrey Mokoape (beskuldigde No. 4) en Sathasivan (Saths) Cooper en later met ene Ralph. -- (Gesprek No. 7 van Band No. 1 word teruggespeel).

Die volgende een is band No. 2, gesprek No. 9, dit is 'n gesprek tussen Saths Cooper (beskuldigde No. 1) en ene Mehломola, bladsy 15 van Bewysstuk Rally C. Dit (20) sal wees Bewysstuk 25 en sal u nou die seel breek asseblief. Ek herhaal, dit is 'n gesprek tussen Saths Cooper en Mehломola op 25.9.74. Het u al die bande nou gespeel? --Ja. Edele, ek is nie seker of die heel eerste gesprek klaar gespeel is nie, ek meen dit was. Ons het die Vrydag klaar gespeel. Dit is die gesprek wat begin op bladsy 1. Hy is klaar gespeel, né? -- Hy is klaar gespeel.

U het alreeds gesê dat u was bygestaan deur sersant Twala wat die Zoeloe vertaal het, al die Zoeloe wat hier verskyn het vertaal het en ook watter ander taal? -- (30) Daar is Sotho taal ook. Kan ek miskien net een opmerking

maak/...

maak. Op bladsy 3, 5, 58 en 64 is daar hand geskrewe aanvullings op die afrol van die bewysstuk. Dit was oorspronklik vergelyk met die was afdruk wat gemaak was en die afrol van die stukke is daar deeltjies wat onduidelik was. Op hierdie bladsye, sou ek 'n geleentheid hê om weer na die bande te luister, is daar een of twee woordjies wat ek met die hand ingevul het wat verskil volgens die bande wat nou gespeel is en die nota wat ek ingesit het. Onder andere byvoorbeeld bladsy 3 moet dit wees 49 en nie 40 soos ek aangebring het in die volume nie. (10)

DEUR DIE HOF: Waar is die 40? Nee, ek het dit gemerk, ek dink ek het dit self reggemaak. -- As ek miskien op 'n latere geleentheid net 'n geleentheid kan gegee word net om die spesifieke woorde net reg te stel.

MR SOGGOT: I understand there have been discussions between my Learned Friend and Mr Allaway in the presence of Your Lordship about this witness being allowed to stand down.

MR REES: M'Lord, perhaps it should be placed on record. The agreement was that after this witness and of course Bawa had deposed - at least Twala had deposed, the (20) Defence will ask for an adjournment to enable them to listen to all the tapes and then to decide what they are going to do afterwards. I ask therefore that the witness stand down. I am going to call then Twala and after that I propose to call one other witness and then the Defence can apply for the adjournment until I think Wednesday morning they want to re-start.

DIE GETUIE STAAN AF.

MR REES: I call Sergeant Twala.

CHARLES TWALA: sworn states: (Through Interpreter) (30)

EXAMINATION BY MR REES: Are you a Bantu detective sergeant in/...

in the South African Police attached to the Security Branch, Durban? -- That is so.

Do you speak Zulu? -- Yes.

Do you also speak Sotho and English? -- That is so.

With reference to the tapes, Exhibits 17 to 25 about which the previous witness has deposed, did you assist him when he transcribed them and rendered them in the form in which they are now in Exhibit Rally C? Just have a look at it please. -- Yes.

And the conversations and parts of conversations (10) that appeared in Zulu and those that appeared in Sotho, did you translate them into English? -- Yes.

And is the English translations as appearing in the various parts of Exhibit C.6 an accurate translation done to the best of your ability? -- Yes.

That is an accurate translation of the Zulu that appears on the various tapes from Exhibits 17 to 25? -- That is so.

MR SOGGOT: M'Lord, may we repeat the request.

THE WITNESS STANDS DOWN. (20)

MNR. REES: Ek roep kolonel Erasmus. Dit gaan oor klagte 2 en in besonder die Turfloop aangeleentheid.

JAMES SAMUEL ERASMUS: verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR MNR. REES: Is u 'n kolonel in die S.A. Polisie, gestasioneer te Pietersburg? -- Ja.

Het u op 25 September 1974 waargeneem as distrikskommandant van die Pietersburg distrik? -- Ja.

Ongeveer - altans, het u op daardie dag, dit is 25 September, inligting ontvang van die Veiligheidspolisie te Pietersburg? -- Ja. (20)

Was die effek daarvan dat hulle vermoed dat daar 'n vergadering/...

vergadering om twee-uur op die kampus van die Universiteit van die Noorde te Turfloop gehou sou word? -- Ja.

En dat daardie vergadering deur SASO en/of BPC georganiseer sou gewees het? -- Korrek.

En het u kennis gekry van die verbod op sodanige byeenkomstes soos vervat in die Staatskoerant, nou Bewysstuk Rally B.52? -- Ja.

Vertel vir die Hof kortliks welke stappe u gedoen het in verband met daardie vergadering. -- Ek het onmiddellik manne laat saamtrek uit die hele distrik. (10)

Het u by daardie tyd al insaeghad in die werklike Staatskoerant of nog nie? -- Nog nie in die werklike Staatskoerant nie, ons het 'n telex afdruk gehad.

Goed, gaan maar aan. -- Ek het manne laat saamtrek vanoor die hele distrik so ver as van Messina en Phalaborwa en hulle beveel om by die Mankweng Polisiestatie by Turfloop by mekaar te kom.

Het dit as gevolg gehad 'n mate van ontwrigting van die gewone polisie bedrywighede of aktiwiteite in die distrik? -- Ja. (20)

Goed, gaan maar aan. -- Die manne het toe by die polisiestatie by mekaar gekom. Ek was self daar ook gewees en die manne was bewapen; Blankes met hul diens pistole en rewolwers asook elkeen 'n rubber baton. Die Nie-Blanke lede was almal bewapen met rubber batons. Vier Blanke lede was ook bewapen met traanrookpistole, twee Blankes was bewapen met haelgewere. Ek het die manne toegesprek, by mekaar aangetree en toegesprek by die Mankweng Polisiestatie en aan hulle verduidelik wat die doel is van die bymeekaartrek. Ek het hulle ook gewaarsku dat alleenlik (30) opgetree sal word op my opdragte en dat geen geweld ernstiger

as/...

as wat nodig is, gebruik sal word nie en dat geen vuurwapens, behalwe op my bevel gebruik sal word nie. Ek het toe na die kampus vertrek met die manne. Ek het die hele kampus deurgegaan. Daar was toe reeds studente in die saal gewees.

Ek het hier 'n foto van die terrein laat neem vanuit 'n hoë gebou. Sal u u getuienis toelig met verwysing daarna? Dit sal wees Rally B.54. Sal u maar aangaan en soos u by 'n punt kom wat u miskien met behulp van daardie foto kan toelig, sal u dit net doen asseblief? -- Reg. (10)
Ek het toe deur die kampus gereis en gevind dat daar baie plakkate en slagspreuke opgeskrywe teen die universiteitsgeboue vasgeplak is.

Wat was die algemene aard van die plakkate? -- Die plakkate was almal teen die anti-Blank en ten gunste van baie van Frelimo.

Goed, gaan maar aan. -- Ek het toe na die saal gegaan. Dit is die saal op die voorgrond van B.54. Ek het my manne opgestel op die grasperk aan die suidekant van die saal soos hier aangedui waar die bome is. (20)

Toon net vir die Hof waar is noord, suid, oos en wes met verwysing na hierdie foto. -- Noord is, soos ek nou staan, aan die regterkant, suid aan my linkerkant, wes bo en oos onder.

Kan ons net so 'n oomblikkie vertoef? Soos u nou kyk na die pad wat hier inkom, waar is die poskantoor? -- Die poskantoor is aan die westekant.

En die sokkerverrein? -- Lê ook aan die westekant van die saal, direk agter die saal.

Dit is die een wat mens hier kan sien. -- Kan (30)
sien daar onder.

Goed/...

Goed, gaan maar aan. -- Ek het langs die saal aan die oostekant in beweeg tot by 'n deur. Dit was 'n dubbeldeur, dit is nie die deur wat op die foto getoon word nie. Ek het by die deur gaan staan en luister wat in die saal aangaan. Op daardie stadium was 'n Bantoe vrou besig met 'n toespraak wat sy van 'n pamflet of 'n papier af gelees het. Dit was baie rumoerig in die saal gewees. Hulle het slagspreuke geskree soos "Viva, Viva Frelimo" en dan die Swartmag teken gegee, dit is die gebalde vuis. Ek kon nie baie van die vrou se toespraak hoor nie, daar is net so hier en (10) daar 'n woord wat ek kon hoor. Die woord "Revolution" het baie voorgekom, waarop die studente in die saal dan weer die slagspreuke met die gebalde vuis gegee het. As gevolg van die plakate, opruiende plakate, daar was ook van hulle in die saal wat gedra was, wat buite op die geboue was en die algemene gedrag in die saal, het ek toe besluit dat dit 'n vergadering is wat deur die Minister verbied was soos afgekondig in die Staatskoerant. Ek het toe deur middel van 'n hand luidspreker die studente se aandag probeer trek.

Was u toe in uniform geklee? -- Ek was in volle (20) uniform gewees.

En die lede van die mag was hulle ook in uniform? -- Was ook in uniform gewees. Ek mag net byvoeg, met my aankoms by die saal, het 'n Bantoe man direk na my gekom, hy het my aan die arm geneem en gesê hy wil my in sy kantoor spreek. Ek het hom nie geken nie, ek weet nie wie hy was nie. Hy het toe direk aan my gesê dat dit nie 'n verbode vergadering is nie, dat hy raadadvies ingewin het. Ek het toe geweier om na sy kantoor te gaan.

Wat was sy algemene houding teenoor u? -- Hy het (30) my aangespreek as "constable".

Gaan/...

Gaan maar aan. -- Ek het toe, soos ek gesê het, met die luidspreker probeer om die aandag te trek van die studente, herhaalde kere na hulle geroep op aandag en hulle toe verwittig in beide amptelike tale dat die vergadering 'n onwettige vergadering is, soos verbied deur die Minister. Ek het hulle toe ook verwittig dat indien hulle nie voor 2,40 namiddag uiteen sou gaan nie, hulle 'n oortreding pleeg. Ek het hulle toe ook die tyd gegee, dit was 2,25 namiddag en vir hulle gesê dat hulle 15 minute tyd het om uiteen te gaan en die plek te verlaat. Hulle het my probeer (10) dood skree. Een van die studente het op 'n tafel geklim in die saal en hulle probeer stilmaak, met die woorde: "Gee hom 'n kans om te praat. Hy het dalk gekom om ons ons vryheid te gee." Ek het die bevel herhaalde kere herhaal en ook die tyd wat verstreke is, gegee. Na 'n rukkie het die studente opgestaan en by die oostedeur - ag, verskoon tog, by die westedeur uit marsjeer en na die sokkerveld gemarsjeer.

Is dit die sokkerveld wat net voor die saal is.. -- Net voor die saal is. Daar het hulle op en af (20) marsjeer. Die plakkate wat hulle nog by hulle gehad het, vertoon. Hulle het gesing en ook herhaalde kere die Swartmag teken gegee. Ek het hulle weer daar gewaarsku om uiteen te gaan, deur middel van die luidspreker en ook die tyd wat al verstreke was, aan hulle gegee. Op daardie stadium het my manne af beweeg en aan die oostekant, dit is tussen die saal en die sokkerveld, stelling ingeneem. Eksel self het ook aan die oostekant op die wal stelling ingeneem. Nadat hulle 'n rukkie daar op en af marsjeer het, het die studente uiteen gegaan. Die vrouens het na die noordekant (30) gegaan in die rigting waar hulle koshuis geleë is en die mans het/...

het na die suidekant waar hul koshuis geleë is, beweeg. Nadat hulle uit mekaar beweeg het, het ek my manne beveel om tussen in hulle in posisie op die sokkerveld in te neem. Die mans studente het toe op beweeg tot aan die suidekant van die sokkerveld waar 'n redelike hoë wal is soos 'n pawiljoen, en daar het hulle toe weer gaan staan en omgedraai na ons toe. Die vrouens het aan die noordekant op die punt van die sokkerveld bly staan, waar hulle geskree en geraas het die hele tyd. Ek het weer meer na die mans gepraat en hulle weer beveel om uiteen te gaan en ook die tyd (10) wat verstreke was. Daar was baie min tyd oor en skielik het hulle klippe begin gooi vanaf die suid-westelike hoek van die pawiljoen, na my manne wat in die middel van die veld posisie ingeneem het. Ek het onmiddellik toe my manne beveel om hulle uit mekaar te jaag. Die manne het opgestorm, daar was drie honde ook gewees, patrolliehonde wat aan leibande was. Die studente het toe begin hardloop en hulle het oor die pad gehardloop wat hier aan die suidekant inkom, na hulle koshuis toe. My manne het hulle agtervolg en ook oor die pad gegaan en die studente het tussen die (20) koshuise in gehardloop. Ek het onmiddellik 'n bevel aan die manne gegee om terug te val. Hulle het toe teruggekeer tot aan die noordekant van die pad tussen die pawiljoen en die pad op die gras. In die stormloop is daar van die traanrookpatrone afgeskiet na die studente. Geen vuurwapens was gebruik nie. Nadat my manne stelling op die wal ingeneem het, het die studente teruggekeer en voor die koshuise stelling ingeneem in groepe.

Verwys u nou na die mans studente? -- Na die mans studente. Die vroue is toe weg. Hulle het toe hopies (30) klippe gepak voor die koshuise. Na 'n ruk het van die studente begin/...

begin om na die polisie te gooi. Van die manne is raak gegooi en ek het toe 'n bevel gegee dat van dié wat met die klippe gooi, arresteer moet word. Daar is toe drie van die studente arresteer. Een van hulle is deur 'n hond gebyt. Die drie studente is toe na oproeptrok wat in die pad reg suid van die saal gestaan het, gebring. Met die aankoms van die beseerde het ek bevel gegee dat hy vir mediese behandeling geneem moet word. Die ander twee is in die trok geplaas. Daar is die hele tyd nog klippe gegooi na myself en die lede daar. Daar het toe van die (10) Swart lektore aangekom. Hulle het met die studente gepraat en hulle gevra om hulle onder bedwang te hou. Hulle het ook met my kom praat. Terwyl ons besig was, het die rektor van die universiteit, professor Boshoff, daar opgedaag. Van die studente raadslede het toe met die rektor daar gepraat en ons het toe daar samesprekings gehou. Die studente het daarop aangedring dat die polisie die twee wat aangehou was in die trok, moet loslaat, anders kon daar baie meer moeilikheid verwag word. Na samesprekings en hulle belofte dat hulle uiteen sou gaan indien ek die (20) twee manne vrylaat, het ek die name laat neem van die twee en hulle gelos.

Wat was die opsies wat u toe gehad het? Indien u hulle aangehou het, wat sou gebeur? -- Dan sou daar baie meer - hulle het selfs gedreig, hulle sê dat daar geeneen van die voertuie of die lede daar lewendig sou of heel van die kampus sou kon vertrek nie.

Gaan maar aan. -- Ek het toe met samesprekings met die ~~rektor~~ wat toe daar geglo het dat hulle wel onder bedwang sou kom en uiteen sou gaan, van die kampus vertrek. (30)

Omtrent hoe laat was dit? Omtrent hoe laat het u toe

die/...

die kampus verlaat? -- Dit was ongeveer drie-uur sou ek sê. Ek het toe met my manne na die Mankweng Polisiestasie, wat ongeveer 2 kilometer van die kampus geleë is, gegaan. Na ongeveer 90 minute by die polisiestasie het ek 'n boodskap ontvang dat die studente van die lektore se voertuie met klippe gegooi het en ook dat daar aanrandings was. Ek het onmiddellik weer met my manne na die kampus vertrek. Toe ek by die hoofingang, dit is aan die suidekant, daar is 'n gebou agter die tennisbane half, inkom, het ek net gesien dat die studente uit mekaar uit (10) hardloop vanaf waar ek hulle gelaat het regoor die suidepunt van die sokkerveld. Ek het mnr. Oliver se voertuig gekry by die boom aan die suidekant van die sokkerveld. Van sy ruite was stukkend en vol duike gegooi met klippe. Ek het toe met my manne op die kampus gebly tot ongeveer sewe-uur namiddag. Daar het toe 'n bioskoop vertoning in die saal begin en die studente het daarheen gegaan. Alles was toe rustig. Ek het toe weer vanaf die kampus na die Mankweng Polisiestasie vertrek.

Ek wil u nou 'n aantal van die plakkate, (20) ensovoorts wys. Sal u kyk na die aantal plakkate en van hulle net verduidelik watter u kan identifiseer, en kortliks kommentaar lewer daarop? -- Goed.

Die eerste een is Bewysstuk B.10. -- Dit is een van die plakkate wat opgeplak was teen die lesingsale.

Lees dit net vir die Hof uit. - "White Man it is time to proceed to India as you promised. Get going."

Ek handig vir u gerief in 'n klein foto van die ding elke skoot met dieselfde nommer. Die volgende een is Bewysstuk B.11. -- "Who next if not Vorster". Dit (30) was ook teen een van die geboue vasgesit.

B.12/...

B.12 die volgende een. -- "Viva Frelimo - Africa for the Blacks. The death of colonialism."

En dit toon aan 'n kaart van Afrika met 'n swart hand wat van bo af afkom. -- Met Rhodesië en R.S.A. omsluit.

Die volgende een is B.13. -- "Frelimo made them run. Frelisa will drown them. Cowards run." Dit was in die saal vertoon.

Rally B.14. -- "Stamp out tyranny. Black must rule. We here removed rapists Frelimo."

Dan is daar 'n tekening van 'n man met trane in (10) sy oë en lang hare en 'n skoen op sy kop. -- Dit is reg. Dit was ook op een van die geboue vasgeplak.

Dan is daar ook kleiner handskrif. -- "The hottest place in hell is reserved for those who retain a state of neutrality during the ... (?) crisis."

Rally B.15. -- "Down with Pretoria regime."

Die volgende een is Rally B.16. U moet net sê as daar een is wat u nie uitken nie. Bo staan geskryf: "Which way?" met vraagtekens en dan twee oë wat mekaar beskou. -- "South Africa stinks. Welcome Frelimo." (20)

Rally B.17. -- "Azania my love don't let pigs rape you children."

Weet u waarna verwys "Azania"? -- Azania is die R.S.A.

Die volgende een is? -- (Getuie lees Rally B.18 uit).

Dit is Bewysstuk B.18. Die volgende een is Rally B.19 - B.20. -- "Viva Frelimo. Azania is built and from the building a revolution shall erupt. Down with Vorster and his dogs. We shall overcome."

Rally B.21. - Rally, B.22, ek is jammer. -- "Azania shall be free no matter what tankers Vorster has." (30)

B.21. -- (Bewysstuk Rally B.21 word uitgelees).

En op/...

En op die ander kant daarvan? Wat is daardie bewysstuk nommer? -- B.23.

Sal u net die bewysstuk nommer telkens uitroep. -- (B.23 word uitgelees).

B? -- B.24. (Rally B.24 word uitgelees).

Net bokant die woord "Vorster" bokant die skippie is daar weer in klein handskrif. -- (Getuie lees).

Die volgende een is Bewysstuk Rally B.25. -- (Getuie lees B.25 uit).

En dit wys pyle van Frelimo wat hier inkom in (10) Suid-Afrika. -- Inkom en dat uitgaan na Indië toe.

Die volgende een, B.26. -- (Getuie lees Rally B.26.)

Rally B.27. -- "We shall drive them to the sea. Long live Azania." Rally B.28. "Viva Zambesia".

Goed, gaan maar aan. -- Rally B.29: (getuie lees B.29 uit). Rally B.30: "Viva Frelimo. To hell with Vorster. Long live Azania. Samoro Mashel."

Daar is 'n tekening van 'n man met 'n snor en 'n baard. Gaan maar aan. -- Rally B.32: "Viva Frelimo."

Ek toon aan u ook die vlag of bannier. Sal u (20) dit oopmaak en kyk? Dit is op 'n stuk lap. -- Dit was in die saal ook gewees en op die sokkerveld tussen twee van die studente vasgehou. Dit lees "Frelimo killed and won. S.A. Blacks?"

DEUR DIE HOF: Wat is die bewysstuk?

MNR. REES: Rally B.31. Sal u net bevestig dat dit reg is? -- Dit is korrek.

MR SOGGOT ADDRESSES THE COURT AND ASKS FOR THIS WITNESS TO STAND DOWN UNTIL WEDNESDAY.

THE COURT ADJOURNS.

(30)

Collection Number: AD1719

State v S Cooper and 8 others.

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AD1719-Vol15

Document Title:- Volume 15, Pages 1237 - 1252.